**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : 432/2002

In die appèl tussen:

**MPHO EDWARD RAMASHILO** APPELLANT

en

**DIE STAAT** RESPONDENT

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* MENONG WND R

---

**AANGEHOOR OP:** 14 FEBRUARIE 2005

---

**UITSPRAAK:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 21 FEBRUARIE 2005

---

Hierdie saak het oud geword en is geen advertensie vir die regspleging in ons land nie.

**AGTERGROND:**

Appellant was 21 jaar oud en in Standerd 10 toe hy op 14

Augustus 1998 in die Streekhof te Welkom verskyn het op verskeie aanklagte, waaronder roof met verswarende omstandighede (aanklag 1) en poging tot moord (aanklag 2) wat beide gepleeg sou gewees het op 19 Februarie 1998. Hy was deurgaans in hegtenis sedert sy arrestasie in Maart 1998. Appellant was beskuldigde 1 en het sy eie verdediging waargeneem. Beskuldigde 2 het ook sy eie verdediging waargeneem terwyl beskuldigde 3 deur 'n prokureur verteenwoordig was. Appellant het skuldig gepleit op bogenoemde twee aanklagte, terwyl beskuldigdes 2 en 3 onskuldig gepleit het. Nadat appellant ondervra is ingevolge artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet, het die landdros pleite van onskuldig op die genoemde twee aanklagte aangeteken, waarna die verrigtinge verdaag is en eers weer 'n jaar later, op 4 Augustus 1999 voortgesit is, omdat beskuldigde 2 intussen soek geraak het. Op laasgenoemde datum is die verhoor sonder hom voortgesit. Die Staat het net een getuie, nl. die klaer, Sersant Moses Joel, geroep. Appellant het geen vraag in kruisondervraging gestel nie. Nadat die Staatsaak gesluit is, het appellant ook sy saak gesluit. Toe hy geleentheid gebied is om

die hof toe te spreek, het hy aangevoer dat hy in opdrag van die Polisie skuldig gepleit het en dat hy inderdaad onskuldig is. Die Polisie het hom aangerand en gedreig om hom weer aan te rand tensy hy skuldig pleit, aldus sy mededeling aan die hof. Daarna het die landdros uitspraak gelewer en appellant op beide aanklagte 1 en 2 skuldig bevind. (Beskuldigde 3 is tereg onskuldig bevind en ontslaan, omdat daar geen getuienis teen hom gelewer is nie.) Geen vorige veroordelings is teen appellant bewys nie en hy is op dieselfde datum, nl. 4 Augustus 1999, gevonnis tot 10 jaar gevangenisstraf op elke aanklag.

Na vonnisoplegging het die landdros appellant se regte van appèl in terme van artikel 309D van die Strafproseswet uitvoerig aan hom verduidelik. Appellant het aangedui dat hy die verduideliking verstaan en later sal besluit of hy wil aansoek doen om verlof om te appelleer.

Aangeheg by die appèloorkonde is ‘n netjiese handgeskrewe brief van appellant gedateer 10 Augustus 1999 met die opskrif “APPLICATION FOR APPEAL” en gerig aan “YOUR HONOUR”. Daar is geen datumstempel op nie, maar hierdie brief moes noodwendig by die landdroshof, Welkom uitgekom het om in die appèloorkonde te kon beland. Die oorkonde dui nie aan of die landdros ‘n aansoek om verlof om te appelleer aangehoor of afgewys het nie. Ook in die oorkonde is ‘n verdere handgeskrewe brief van appellant gedateer 14 Junie 2002 en gerig aan die Klerk van die Hof te Welkom. Hierdie brief dra die landdros, Welkom se datumstempel van 24 Junie 2002. Die opskrif van die brief lui soos volg:

> "Application for request to petition the Judge President of the Free State Provincial Division of the Supreme Court in terms of section 309 of the Criminal Procedure Act."

Die oorkonde toon nie aan of hierdie brief na die Griffier van hierdie Hof gestuur is nie. Op 12 September 2002 onder aansoek nr. 2858/2002 reik kollegas Musi en Kruger 'n bevel uit waarkragtens aan appellant verlof verleen is om teen beide sy skuldigbevinding en vonnis te appelleer. Dit is waarskynlik as gevolg van hierdie bevel dat hierdie appèl 2 jaar en 5 maande later verhoor word. Appellant het 6 dae na vonnisoplegging 'n brief gerig wat in die Landdroshof se oorkonde ingebind is en wat uitdruklik sê dat hy wil appelleer. Sy appèl is nou 5 jaar en 6 maande later vir die eerste keer voor die Hooggeregshof.

Strafappèlle in die Hooggeregshowe is landwyd 'n probleem. Daar is net eenvoudig te veel appèlle om binne 'n redelike tyd deur die beskikbare Regters verhoor te word. Nietemin is die lang tydsverloop in die onderhawige appèl totaal onaanvaarbaar.

**<u>DIE MERIETE:</u>**

Die klagstaat beweer in aanklag 1 dat Moses Joel op of omtrent 19 Februarie 1998 en te of naby Mabitlengstraat, Meloding, in die distrik van Virginia, van 'n 9mm Beretta pistool beroof is. In aanklag 2 word beweer dat die beskuldigdes op presies dieselfde datum en plek gepoog het om vir Moses Joel te vermoor deur hom met 'n vuurwapen te skiet. Soos reeds gesê, het appellant skuldig gepleit op beide hierdie aanklagte. Ek haal die tersaaklike gedeelte van sy ondervraging volledig aan:

> "HOF: Ja, voor ons nou daarby uitkom, beskuldigde 1 het nou skuldig gepleit op die eerste twee aanklagte, sal dit nie maar gepas wees om dit dan nou maar eerste te behandel nie voor ons nou by bevoegde uitsprake kom nie?

AANKLAER: Dit sal reg wees dan.
HOF: Beskuldigde 1 gesien dat u nou skuldig gepleit het op die eerste twee aanklagte, gaan ek aan u vrae stel ten einde te bepaal of u wel die beweringe in die klagstaat teen u erken en bedoel om skuldig te pleit.

> BESKULDIGDE 1 VERSTAAN
>
> HOF: Kan u in u eie woorde sê wat die eerste aanklag betref, dit is nou die van roof wat op 19 Februarie te Meloding sou plaasgevind het waar 'n vuurwapen na bewering van ene Moses Joël geroof is, kan u in u eie

woorde vertel waarop u skuldig pleit, met ander woorde wat het u gedoen wat u sê u skuldig op is?

BESKULDIGDE 1: Ek het hom met my vuurwapen gerig en toe het hy sy vuurwapen uitgehaal en hy wou my daarmee geskiet het en toe skiet ek hom eerste, toe vat ek sy vuurwapen van hom af.
HOF: U sê u het ‘n vuurwapen op hom gerig en wat het toe gebeur?
BESKULDIGDE 1: Hy het syne ook uitgepluk en hy wou my daarmee geskiet het, toe skiet ek hom eerste.
HOF: Ja, en toe?
BESKULDIGDE 1: Ek het sy vuurwapen gevat en geloop en na my plek toe gegaan.
HOF: Ja, verder nog iets?
BESKULDIGDE 1: Nee, niks verder nie.
HOF: Nou met watter doel het u hom geskiet?
BESKULDIGDE 1: Ekskuus?
HOF: Met watter doel het u die man geskiet?
BESKULDIGDE 1: Ek het hom net geskiet sodat ek sy vuurwapen van hom af kan kry.
HOF: Nou het u enige reg, magtiging of toestemming gehad om hom te skiet en sy wapen van hom te vat?
BESKULDIGDE 1: Ek het dit nie gehad nie.
HOF: En wat wou u met sy vuurwapen doen?
BESKULDIGDE 1: Ek wou dit gebruik het.
HOF: En wat het u toe daarmee gedoen?
BESKULDIGDE 1: Ek het dit verkoop.
HOF: Die klagstaat beweer dat dit het plaasgevind op 19 Februarie vanjaar by Matibengstraat in Meloding, Virginia, is dit korrek of nie?
BESKULDIGDE 1: Ja, dit is so.
HOF: Die klagstaat beweer dat dit, die persoon betrokke ene Moses Joël was vir wie u so geskiet het en sy wapen gevat het, is dit korrek of nie?
BESKULDIGDE 1: Ek ken nie die persoon nie.
HOF: Betwis u dat dit hierdie Moses Joël is?
BESKULDIGDE 1: Ek ken nie daardie persoon nie.
HOF: Die klagstaat beweer ook dat dit ‘n 9 millimeter Baretta-pistool is wat van hom afgeneem is, betwis u dit of nie?
BESKULDIGDE 1: Ja, dit is so.
HOF: Die tweede aanklag waarop u onskuldig, ag waarop u skuldig pleit, die van poging tot moord op dieselfde Joël, of Moses Joèl, is dit dieselfde insident waarna verwys word?
BESKULDIGDE 1: Ek is skuldig omdat ek hom beseer het.
HOF: Hoekom het u hom beseer?
BESKULDIGDE 1: Dit is omdat ek sy vuurwapen van hom af wou gevat het, want hy het my ook, hy wou my ook geskiet het, toe skiet ek hom eerste.
HOF: Nou toe u hom nou so geskiet het, het u geweet dat u hom dalk kan

dood of wou u hom dood?
<u>BESKULDIGDE 1</u>: Ek wou hom nie doodgemaak het nie.
<u>HOF</u>: Sê net weer wat is die rede hoekom u hom skiet?
<u>BESKULDIGDE 1</u>: Dit is omdat hy ook vir my wou geskiet het.
<u>HOF</u>: Wat nou nie vir my baie duidelik is nie, skiet u hom om sy vuurwapen van hom te kan afvat, of skiet u hom nou omdat hy vir u wou geskiet het?
<u>BESKULDIGDE 1</u>: Jammer, ek het hom geskiet om die rede dat ek sy vuurwapen van hom af wou gevat het. Tweedens hy het sy vuurwapen uitgehaal en hy het gepoog om my te skiet, toe skiet ek hom eerste.
<u>HOF</u>: Nou maar wat nou nie vir my duidelik is nie, wat is nou die eintlike rede. Skiet u hom omdat hy u wou skiet, met ander woorde as hy u nie sou, of u wou skiet nie, sou u hom nogtans geskiet het om die wapen af te neem?
<u>BESKULDIGDE 1</u>: Nee, ek sou hom nie geskiet het nie.
<u>HOF</u>: Dit blyk dat beskuldigde 1 ten spyte van sy pleit van skuldig op beide aanklag 1 en 2 nie al die beweringe teen hom erken nie en word 'n pleit van onskuldig aangeteken in terme van Artikel 113 van die Strafproseswet op beide aanklagte.
<u>BESKULDIGDE 1</u>: Ek pleit skuldig. Ek erken dat ek skuldig is. Ek het die man geskiet.
<u>HOF</u>: Nee, maar u erken nie die beweringe teen u nie.
<u>BESKULDIGDE 1</u>: Wat is die bewering, miskien het ek nie mooi verstaan nie?
<u>HOF</u>: Dat u die man wou doodskiet.
<u>BESKULDIGDE 1</u>: Ja.
<u>HOF</u>: Ja, wat?
<u>BESKULDIGDE 1</u>: Ek wou hom doodgemaak het, ja.
<u>HOF</u>: Ek kan nou nie vir u hier onder kruisverhoor daaroor neem nie. U het nou teenstrydige mededelings aan my gemaak en daarom het ek pleite van onskuldig dan nou reeds aangeteken op beide aanklagte. Verder wat beskuldigdes 1 en 2 betref, aangesien u nie regsverteenwoordiging geniet nie verduidelik ek die volgende aan u. Dit is so dat die Strafproseswet maak daarvoor voorsiening dat indien die getuienis wat aangebied word in 'n poging om die ten laste gelegde aanklagte teen u te bewys, nie daardie aanklagte bewys nie, maar wel een van sekere ander misdrywe, dan kan u aan een van daardie ander misdrywe skuldig bevind word. Dit is derhalwe 'n bevoegde uitspraak op die ten laste gelegde aanklag. Die Staat vra u moet spesifiek ingelig word dat indien die getuienis wat aangebied word eerstens op aanklag 1 wat roof betref en dan ook aanklag 2 wat poging tot moord betref, nie daardie misdrywe bewys nie, maar wel aanranding of aanranding met die opset om ernstig te beseer, u wel aan daardie misdrywe skuldig bevind kan word. Dit word so aan u verduidelik dat u ook weet om u verdediging daarvolgens te voer."

Volgens Sersant Joel was hy die betrokke aand omstreeks 7 uur in

Meloding woonbuurt te voet op pad toe hy deur twee mans gekonfronteer word. Hy was in volle uniform gekleed en sy 9mm dienspistool was in sy skede langs sy sy. Een van die mans het hom vanaf die regterkant om sy nek gegryp en gevra waar sy vuurwapen is. Hierdie man haal toe sy eie vuurwapen uit en gooi dit na die tweede man wat aan Sersant Joel se linkerkant was. Die eerste man sê vir sy maat "Maak dood die hond!" Daarna skiet die tweede man die klaer in sy maag. Hy het ook 'n tweede skoot afgevuur wat die klaer in die arm getref het. Die klaer het weggehardloop en in die proses geval. Terwyl hy gelê het, is hy in die boud geskiet. Daarna het sy aanvallers sy dienspistool uit sy skede geneem en weggehardloop. Met betrekking tot die identiteit van sy aanvallers lui sy getuienis soos volg:

> "Is u in staat om hierdie twee persone te identifiseer?
>
> -- Ek sal die een ken wat my vasgehou het, aangesien hy die een wat die naaste aan my was.

Die persoon wat u vasgehou het, is hy vandag in die hof aanwesig, indien wel, wie is dit? -- Ek het hom laas gesien of, toe hy in hegtenis was.

So hy is nie vandag hier nie, is dit wat u sê? -- Hy is aanwesig.

Ag sersant, ek het die vraag vir u duidelik gevra, die persoon, kan u hom identifiseer. U sê, ja. Toe vra ek vir u as hy hier is, identifiseer hom dan vir my asseblief? -- Na wie verwys u, na die een van die beskuldigdes?

Nee, … (tussenbei).

<u>HOF</u>: Nee, u moet sê. -- Nee, hy is nie hier in die Hof

> nie."

Verder getuig hy ook soos volg met betrekking tot appellant se bewering dat hy sy dienspistool sou hanteer het tydens die voorval:

> "Het u op enige stadium tydens hierdie gebeure u vuurwapen probeer gebruik of uitgehaal om dit op hierdie twee persone te rig om uself te verdedig, of wat is die posisie? -- Ek het nie, ek het glad nie die kans gehad nie, want die mense het net vinnig daar aangekom. So ek kon ook nie kans kry om dit te doen nie.

Bedoel u nou u kon nie die kans kry om die vuurwapen uit die holster te verwyder nie, dit was nog die heeltyd in die holster of wat sê u? -- Ek kon nie.

Is dit deur een van die twee persone uit u holster of skede verwyder? -- Ja, dit is so."

Soos reeds gesê, is die klaer gladnie gekruisvra deur óf appellant óf beskuldigde 3 se prokureur nie.

Aan die einde van die Staatsaak is appellant se regte soos volg deur die landdros verduidelik:

> <u>HOF</u>: Beskuldigde 1 die Staat se saak teen u is gesluit. U het 'n geleentheid om u kant van die saak te stel. U kan dit doen deur getuienis onder eed af te lê. U kan ook getuies roep om vir u te getuig. As u dit verkies kan u

> stilbly en niks sê nie. Dan moet u egter onthou dat wat u tot nou gesê het tydens pleitverduideliking of in vrae of stellings aan enige getuies, dit is nie getuienis nie, dit was nie onder eed nie. Daar is nog slegs getuienis onder eed van die Staat. As u wil hê dat enigiets wat u vir die Hof gesê het in beoordeling van die getuienis in aanmerking geneem moet word, sal dit nodig wees om dit onder eed te herhaal."

Appellant het die hof meegedeel dat hy hierdie verduideliking verstaan en verkies om te swyg. Op 'n uitdruklike vraag van die landdros of hy sy saak sluit, het hy bevestigend geantwoord.

Die vraag wat op appèl beantwoord moet word, is of die skuldigbevinding in orde is in die lig van appellant se pleitverduideliking en sy bewerings 'n jaar later dat hy nie vrywillig skuldig gepleit het nie.

Die enige geskilpunt tussen die Staat en die verdediging is die identiteit van die klaer se aanvallers. In sy pleitverduideliking plaas appellant homself uitdruklik op die toneel en erken hy ook dat hy die slagoffer geskiet het. Hy moet derhalwe die tweede persoon wees na wie die klaer in sy getuienis verwys. Appellant se terugkrabbeling 'n jaar na sy pleit van skuldig, is baie onoortuigend. Hy was nie 'n onontwikkelde of ongeletterde kind nie. Waarom hy nie tydens die pleitverrigtinge openbaar het dat hy deur 'n afwesige Polisieman gedreig is nie, maar 'n jaar wag totdat daardie Polisieman teenwoordig is en dit dan aan die hof meedeel, sal net hy weet.

Na my mening het die landdros nie fouteer deur appellant aan die erkennings in sy pleitverduideliking te hou nie. Die appèl teen die skuldigbevinding kan derhalwe nie slaag nie.

**DIE VONNIS:**

Die vonnisse wat aan appellant opgelê is, is stewig. Hy verdien egter 'n stewige vonnis op elk van die aanklagte waaraan hy skuldig bevind is. Dit is 'n bestiering dat die klaer nie doodgeskiet is nie. Hy was tussen twee en drie weke in die hospitaal en die skietwond in sy arm het veroorsaak dat hy net twee van sy vingers aan daardie hand kan gebruik. Dit is verregaande dat boewe soos appellant 'n Polisiebeampte wat in volle uniform is van sy dienspistool beroof deur hom met 'n vuurwapen te skiet. Ek vind geen wanvoorligting in die landdros se redes vir vonnis nie en kan ook nie sê dat die vonnisse nie redelikerwyse opgelê kon gewees het nie.

Gevolglik misluk die appèl en word beide die skuldigbevindings en vonnisse bekragtig.

______________________

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**M.I. MENONG, WND R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | In persoon |
| Namens die respondent: | Adv. H. Amod<br>In opdrag van:<br>DOV<br>BLOEMFONTEIN |

/sp